

Bediening in die Nuwe-Testamentiese Kerk



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Handelinge 2:42-47 en hfst. 4:32-37; Mattheus 25:38, 40; Handelinge 9:36; 2 Korinthiërs 8:7-15; Romeine. 12; Jakobus 2:1-9.

Geheueteks:

“Suiwer en onbevleete godsdienst voor God ons Vader is dat ons weeskinders en weduwees in hulle swaarkry versorg, en dat ons nie toelaat dat die wêreld ons besmet nie” (*Jak. 1:27, NLV*).

Jesus se groot opdrag aan sy dissipels (*Matt. 28:18-20*) is seker een van die bekendste skrifgedeeltes in die Bybel. Dit word dikwels as die gelowige se missieverklaring beskryf, en was en is die inspirasie vir menige sendingprojek en poging. Om die waarheid te sê, dit is die groot beweegrede vir pogings om die evangelie wêreldwyd te verkondig, met party sendelinge wat al 'n baie hoë prys vir daardie opoffering moes betaal. Wat behels dié groot opdrag, volgens Jesus? Om dissipels van mense te maak, om hulle te doop, en om hulle te leer “om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (*Matt. 28:20, NAB*). Soos ons reeds gesien het, het daardie dinge wat Jesus ons beveel het om te doen, grotendeels met die versorging van die behoeftiges te make, en ook met dié wat seerkry en dié wat nie na hulself kan omsien nie. Hou dus in gedagte dat Jesus se opdrag aan sy eerste dissipels nie eintlik 'n nuwe een was nie, nie 'n kennismaking met, of belewenis van, 'n splinternuwe stel instruksies nie. Nee, dit was inderwaarheid 'n voortsetting van die werk waartoe Jesus Self geroepe was. Dit is dan hoekom hierdie sy van Jesus se leer so duidelik in die lewens van die vroeg-Christelike kerk, as deel van hul uitleef van die groot opdrag, te siene was.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 31 Augustus.*

'n Nuwe soort gemeenskap

Na Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster, het die aantal gelowiges drasties gegroei en tot die totstandkoming van die vroeg-Christelike kerk gelei. Dit was 'n nuwe soort samesyn vir die volgelinge van Jesus, 'n gemeenskap wat aanvanklik deur die oorspronklike dissipels gelei is. Nietemin was dit nie 'n eie skepping onder die eerste Christene nie. Allermens. Dit het Jesus se bediening en leer as grondslag gehad, met die ryk geskiedenis van die Hebreeuse Skrif en hul profete as inspirasie.

Lees Handeling 2:42-47 en hfst. 4:32-37. Wat is die hoofkenmerke van die vroeë-Christelike gemeenskap in hierdie skrifgedeeltes?

Hoewel die Israëliete klaarblyklik nie die bloudruk vir die bou van 'n billike, regverdig en vrygewige samelewing wou volg nie, het die vroeë-Christelike gemeenskap groot erns gemaak met die bevel, “as jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie” (*Deut. 15:4, NAB*). Een van die maniere waardeur hulle op 'n praktiese wyse uitdrukking aan hul geloof gegee het, was om stofflike besittings en lewensmiddele met mekaar te deel. Hulle het selfs van hul grond verkoop ten einde fondse (*lees Hand. 4:34 tot 5:2*) vir behoeftige medegelowiges in te samel. Daardie fondse was ook vir persone buite die ontlukende kerkgemeenskappie, veral via hul genesingsbediening (*lees Hand. 3:1-11, 5:12-16*).

Tog was dit geensins 'n utopiese gemeenskap nie. Met die toename in ledetal het geskille oor die bestuur van hierdie stofflike hulpbronne ontstaan, veral m.b.t. die daaglikse uitdeel van kos onder die weduwees (*lees Hand. 6:1*). Die dissipels wat outomaties die onbetwiste leiers van die destydse kerk was, wou egter op die verkondiging van die evangelie fokus, en kon nie ook die uitdeel van kos behartig nie. Om alles in te pas, het derhalwe 'n herstrukturering vereis. So is sewe mense toe aangestel, om op die meer praktiese take van die kerkgemeenskap te fokus. Hiermee het die kerk (moontlik vir die eerste keer) besef dat daar verskillende soort bedieninge in die kerk is; ook gawes wat daarvoor ingespan kan word. Terselfdertyd het dit ook gedui op die belangrikheid van 'n praktiese benadering tot die bediening, sodat die lewe en getuienis van die kerk op dreef kon bly. “Dieselfde vroomheid en soeke na geregtigheid wat as riglyne vir die leiers in Moses en Dawid se tyd moes dien, moes ook deur die leiers van die pas-gestigte kerk in die splinternuwe evangeliese era gevolg word” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 95).

Probeer jou voorstel hoe dit in daardie vroeë-Christelike gemeenskap gegaan het. Hoe kan ons dieselfde beginsels vandag uitleef?

Dorkas se bediening en getuienis

Met die uitbrei van die kerk “in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld” – soos Jesus dit inderdaad in Handeling 1 vers 8 voorspel het – het nuwe gelowiges bygekom wat die bediening van Jesus uitgeleef het. Onder hulle was Dorkas, wat ook Tabita genoem is. Sy was van die stad Joppe. Dorkas het duidelik opreg geglo dat ’n mens in werklikheid vir Jesus dien wanneer jy die armes help, want sy het vir hulle klere gegee (*lees Matt. 25:38, 40*).

Lees Handeling 9:36. Dit is ’n beskrywing van Dorkas en haar bediening. Gebruik dit nou as ’n soort sjabloon en vra jou af: Hoe kan die lewe wat ek nou lei, en die bediening wat ek op die oomblik bedryf, beskryf word? Hoe wil ek graag my lewe en my bediening beskryf hê?

Dit wil voorkom asof haar bediening besonder hoog aangeskrewe was. Die feit dat sy ’n “discipel” genoem is (*in Hand. 9:36*) – asook haar getrouheid, energie en medemensgerigtheid – het gemaak dat sy selfs bekendheid buite haar tuisdorp verwerf het. Petrus was juis op besoek in Lidda, ’n nabygeleë dorp, toe boodskappers uit Joppe die hartseer tyding oor Dorkas se ontydige dood bring (*lees Hand. 9:37-41*). Daar aangekom, word Petrus deur ’n menigte begroet – die meeste van hulle arm mense wat deur Dorkas en haar bediening gehelp is. Toe wys hulle vir hom die klere wat sy vir hulle gemaak het, en vertel waarskynlik ook al die verhale van hoe sy hulle en ook ander mense gehelp het. Toe bid Petrus vir Dorkas en sy word weer lewendig. Tog is dit natuurlik geen waarborg dat alles bloot sal regkom vir elkeen wat die beproewing van naastediens beleef nie. Dorkas het immers alreeds terminale siekte en die dood deurgemaak; en Stefanus, een van die eerste diakens wat die versorging van die weduwees opgelê is, het ook die eerste martelaar geword (*lees Hand. 7:54-60*). Die naastedienslewe is beslis nie ’n lewe van gemak nie. Om die waarheid te sê, dit bring soms die meeste uitdagings mee. Nietemin gebruik God hierdie aanskouingsles – waarin sy liefde en mag in Dorkas se lewe en dood aan die lig kom – om die mense van Joppe aan te gryp en stof tot nadenke te gee: “Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom” (*Hand. 9:42, NAB*).

Wat sal gebeur as jy nou te sterwe moet kom? Sal mense jou dood as ’n verlies vir naastediens en mensbetrokkenheid beskou, en dus jou heengaan betreur, soos dit die geval met Dorkas was? Hoe kan mens in dié verband ’n beter nalatenskap hê? Watter praktiese vaardighede het jy – soos Dorkas se naaldwerkvaardighede – wat jy in diens van die mens kan gebruik?

Gee - 'n manier van deel

Na sy bekering het Paulus die roeping aanvaar om die evangelie aan die nie-Jode te bring. Die sukses wat die Here hom geskenk het, het tot belangrike vrae oor die verhouding tussen die nie-Joodse volgelingen van Jesus en die ontluikende Christelike geloof se Joodse herkoms gelei. 'n Raad bestaande uit Joodse en nie-Joodse kerklui het in Jerusalem byeengekom om dié ingewikkelde kwessie te bespreek en om die Here om leiding te vra. Daardie vergadering en wat daar bereik is, is opgeteken in Handeling 15. In Paulus se eie verslag oor hierdie vergadering, wat in Galasiërs 2 opgeteken is, onderstreep hy 'n belangrike toevoeging tot die raad se instruksies aan hom – 'n voorwaarde: “Al wat hulle gevra het, is dat ons nie die armes onder hulle moet vergeet nie. Ek het my dan ook steeds vir hierdie liefdesdiens beywer” (*Gal. 2:10, NAB*). Paulus het hom ook dan vir die res van sy bediening daarop toegespits (*lees byvoorbeeld Hand. 20:35*). Die ontluikende kerk in Jerusalem het met rasse skrede toegeneem. So ook die toenemende besef, danksy Paulus, dat gelowiges van alle rasse, nasionaliteite en taalgemeenskappe gelyk in Christus moet wees.

Lees 2 Korintiërs 8:7-15. Watter verband trek Paulus tussen die evangelie en vrygewigheid?

Paulus gebruik onder andere twee Ou-Testamentiese verwysings ten einde gelowiges tot vrygewigheid en die versorging van behoeftige medegelowiges aan te spoor. Hy wys op God se groot vrygewigheid deur vir die Israëliete manna in die woestyn te gee, en hou dit as 'n model vir die vrygewigheid en mededeelsaamheid binne die breër kerkgemeenskap voor (*lees 2 Kor. 8:15*). Hy haal ook Psalm 112:9 in hoofstuk 9:9 aan – “Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig” (*NAB*).

Paulus moedig ook die leser aan om doelbewus en planmatig te gee – om gereeld 'n deel van hul inkomste opsy te sit sodat dit met sy en Titus se besoeke maklik opgetel en dan na die behoeftige Christene in Jerusalem geneem kon word. Paulus gebruik ook die Korintiërs as rolmodel in dié verband. “Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander” (*2de sendbrief, hfst. 9:13, NAB*).

In die gemeente hoor 'n mens periodiek van 'n goeie saak of van behoeftige persone. Die vraag is net: hoe stel 'n mens hierdie oproepe tot vrygewigheid altyd eerste in jou lewe?

Paulus se gids tot sinvolle liefhê en lewe

Paulus se brief aan die Romeine is baie bekend vir sy omvattende uiteensetting van die groot leerstelling oor redding deur geloof via die soendood van Christus. Na elf hoofstukke van daardie onderwerp, is daar egter 'n klemverskuiwing. Nou kry die leser 'n praktiese gids tot sinvol liefhê en lewe, op grond van die genade en liefde van God soos dit in Jesus en in die evangelieverhaal uiting vind: “En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen” (*Rom. 12:1, NAB*). Hier sê Paulus basies: danksy die dinge wat God vir ons deur Jesus gedoen het, behoort ons soos volg te leef (en noem dan hoe die gelowige moet leef).

Lees Romeine 12 en som dit op, en let veral op die bevel om ander te versorg en hulle lief te hê, veral dié behoeftiges.

In 'n sekere sin is Romeine 12 'n soort opsomming van baie van die onderwerpe wat Paulus in ander sendbriewe meer breedvoerig behandel het. In hoofstuk 12 praat hy van die verskillende rolle en gawes van die Gees wat binne-in die kerkliggaam te vinde is; en sluit onder meer die bediening en bemoediging van ander in, asook om vrygewig te wees (*lees verse 3-8*). Nie net moet hierdie dinge gedoen word nie – dit moet goed en met entoesiasme gedoen word, en bowenal met liefde (*lees verse 9-11*). Paulus beskryf hierdie soort lewe in praktiese terme. Hy doen 'n beroep op die gelowiges om geduldig in tye van beproewing en vervolging te wees, om na die behoeftiges om te sien, om ongeag die tyd of plek sover moontlik vredemakers te wees – en soos ons reeds vantevore gesien het – om boosheid en ongeregtigheid met welwillendheid te begroet, om die kwaad met die goeie te oorwin (*lees Rom. 12:20, 21*). Hierdie hoofstuk stippel die lewe van 'n wedergebore Christen uit, om die Here as individu en as deel van 'n geloofsgemeenskap te dien. Paulus sê aan hierdie nuwe volgelinge van Jesus dat hul lewens en prioriteite, en hul handel en wandel, anders as voorheen behoort te wees – in reaksie op die dinge wat Jesus deur sy kruisdood vir hulle vermag het, en die hoop wat die beloofde ewige lewe hulle bring. As mense wat hulle in die hartjie van die Romeinse Ryk bevind het – in 'n samelewing waar onderdrukking en dikwels ook wreedheid hoogty gevier het – maan Paulus hulle om anders te wees en te leef: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe” (*Rom. 12:2, NAB*).

Dink aan 'n paar houdings en praktyke in jou gemeenskap (of streek of samelewing) wat jy liefs moet teëstaan, sodat jy as 'n moderne volgeling van Jesus sinvol kan liefhê en lewe.

“Jakobus die regverdige”

Volgens oorlewering het Jakobus – wat die broer of stiefbroer van Jesus was – ’n leier in die vroeë-Christelike kerk in Jerusalem geword. Dit word ook aangeneem dat hy en die Jakobus wat as voorsitter van die vergadering in Jerusalem opgetree het, een en dieselfde persoon was (lees Hand. 15, asook Galasiërs 1 en 2). Derhalwe is hy waarskynlik ook die skrywer van die sendbrief Jakobus in die Bybel. Jakobus was egter ’n algemene naam in die Nuwe-Testamentiese era. Indien al die vermelde Jakobusse een en dieselfde persoon was, was die Jakobus van die Evangelies dalk ook die kerkleier wat as “Jakobus die Regverdige” bekend gestaan het. Hierdie benaming dui op ’n wyse leier wat voorrang aan die regte behandeling van sy medemens gegee het, iemand wat omgegee het vir diegene wat dikwels vertrap en verwaarloos is. Die boek wat na hom vernoem is, word soms as “die Nuwe-Testamentiese Spreuke” beskryf omdat dit op praktiese vroomheid fokus, en hoe om as volgelinge van Christus ’n lewe van wysheid te lei. Die skrywer van Jakobus was gretig om sy Christelike lesers op die volgende te wys: “Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself” (*hfst. 1:22, NAB*). Die enigste soort godsdiens wat vir God saak maak – wat suiwer en van ewige waarde in sy oë is – is dié wat op die versorging van die behoeftiges en die verdruktes fokus, en wat gelowiges help om die verderflike invloede van die samelewing om hulle te weerstaan (*lees Jak. 1:27*).

Lees Jakobus 2:1-9 en hfst. 5:1-5. Hoe verskil Jakobus se houding teenoor die rykes van dié in die meeste samelewings op aarde? Watter spesifieke instruksies gee hy oor die behandeling van ryk en arm mense binne die kerkgemeenskap?

Jakobus se redenasie is dat ’n mens se goeie wense – selfs al is dit bybel-geïnspireerde seënwense – ’n skrale troos is as die ontvanger te min kos of klere het. Die fisiese gee van kos en klere is die beste manier om jou besorgdheid uit te leef en te toon. Dit is van veel groter nut as mooi en edel woorde, en die uitspraak van goeie wense (*lees Jak. 2:14-16*). Jakobus gebruik dit as ’n voorbeeld van die verband wat tussen geloof en werke bestaan, en soos dit in ons verhouding met God uiting vind. Hy herhaal ook Jesus se leer dat ’n mens jou naaste so lief soos jouself moet hê (*James 2:8*), en fokus op die alledaagse toepassings daarvan. Die liefdesgebod vind gestalte in diens aan God en die mens, nie as ’n vorm van verlossing deur werke nie, maar omdat dit ’n uitdrukking van ware geloof is.

Hoekom is dit so maklik om – selfs onbewustelik – die ryke bo die arme te verkies?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “Dorcas – Her Ministry and Its Influence” op bl. 66 en 67 in *Welfare Ministry*, en “A Liberal Church” op bl. 335-345 in *The Acts of the Apostles*, asook “This Is Pure Religion” op bl. 35-41 in *Welfare Ministry*.

“Die Verlosser het sy kosbare lewe afgelê ten einde ’n kerk op die been te bring, een wat in staat is om na die gebrokene en na die sondige mens om te sien. ’n Groepie gelowiges kan arm, ongeskoold en onbekend wees; maar in Christus kan hulle ’n werk op tuisfront, in hul buurt, in kerkverband, en selfs in [2 Korinthiërs 10:16 se] ‘streke anderkant julle’ verrig – ’n werk so vêrreikend dat dit tot in die ewigheid strek” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 640). “Onselfsugtige vrygewigheid het die vroeë-Christelike kerk ongekende vreugde gebring, want die gelowiges het besef: danksy al ons opofferings het die lig van die evangelie nou diegene bereik wat voorheen in die duister rondgetas het. Hul vrygewigheid is ’n getuienis dat hulle nie verniet die gawe van God ontvang het nie. Wat bring hierdie soort vrygewigheid teweeg? Slegs heiligmaking deur die Gees van God. In die oë van die mense – gelowig én ongelowig – is dit niks minder as ’n wonderwerk nie” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 344).

Vrae vir bespreking

1. Let op die soort kerk wat in die eerste paar hoofstukke van *Handelinge* beskryf word. Hoe moet jou gemeente maak om ook so te wees? Watter praktiese stappe kan kerkleiers doen om die gemeente in daardie rigting te stuur?
2. Die wêreldwye Sewendedag-Adventistekerk gebruik party van die beginsels wat ons vandeeweek bespreek het om te bepaal hoe tiendes en offergawes onder die verskeie wêrelddele verdeel behoort te word. Wat is die voordele van so ’n wêreldwye stelsel van hulpbronneverdeling?
3. Is die instruksies vir die lei van ’n nuwe lewe – soos dié wat in Romeine 12 opgesom word – realisties en prakties? Werk dit “in realiteit” of is dit bloot idealisties en gestileerd – m.a.w. half stokkerig en onnatuurlik – soos die heiliges op eeue-oue gebrandskilderde glasvensters?
4. Jakobus 5:1-5 is op die man (en die vrou) af, en weerspieël die strengte waarskuwings van die Ou-Testamentiese profete. Hoekom is dié soort sterkbewoorde vermanings en teregwysing gepas en ook nodig?

Opsomming:

Aangevuur deur Jesus se groot opdrag aan hulle (om te evangeliseer) en ook met die hulp van die Heilige Gees, begin die dissipels en die eerste Christene om die blye boodskap so wyd as moontlik te verkondig. Met Jesus se leer en die Hebreuse Skrif as grondslag, was die vroeg-Christelike kerk ’n nuwe soort gemeenskap. Hulle het al hul besittings en lewensmiddele met die behoeftiges – dié in hul geledere en ook diegene daarbuite – gedeel. Deur hul voorbeeld en leer, soos dit in hul sendbriewe aan die destydse gemeentes opgeteken is, het die eerste leiers van die Christelike kerk die gelowiges tot getrouheid en tot naastediens onder veral die behoeftiges aangespoor.